

Uitgawe 24-41

18 Oktober 2024



Mandini

Harold Johnson Natuureservaat

NUUSBRIEF VAN DIE SINODE VAN KWAZULU-NATAL

Redakteur



Louis Nel

Kontak:

WhatsApp:

082 771 4925



E-pos: kommunikasie@ngkzn.org.za

Sinodale Kantoor

Ontvangs:

Lolla Bestbier

Tel: 033-345 2276/7/8

E-pos: lolla@ngkzn.org.za

Ander kontakbesonderhede:

<http://kzn.ngkerk.net/kontak-ons/>

Webwerf: www.ngkzn.org.za



Lees vorige nuusbriewe:

<http://kzn.ngkerk.net/vorige-posduif-nuusbrief-uitgawes/>

Laaï dokumente af:

<http://kzn.ngkerk.net/inligting-dokumente/>

In Hierdie Uitgawe

- 4 **Dagboek**
- 5 **Eenvoud van Geloof**
- 6 **Trauma poppies**
- 8 **Afvaardiging na SARK Konferensie**
- 9 **Jeugrubriek**
- 10 **Studiebeurse**
- 11 **Op berge en in stede**
- 12 **Kerkwees 200 konferensie**
- 13 **So word Hervormingsondag gedenk**
- 14 **Goeie Nuus Gazette**
- 15 **Boeke**
- 16 **Kleure van die Paradys**
- 17 **Kerkbode**
- 18 **My kind en taal**
- 19 **Die Here is my Herder**
- 20 **Oordenking**
- 24 **Laaste Woord**

Dagboek

Belangrike datums vir vergaderings:

13 Nov. Moderamen @ NG Hayfields, PMB

Ander Gebeure:

19 Okt. Dames Tee met Lizelle von Wielligh – Merrivale

20 Okt. Joshua Na die Reën – Arboretum

27 Okt. Afskeid Ds. Tertius Naudé - Meerensee

2 Nov. Kermis – Arboretum (Richards Baai)

2 Nov. 200 Jaar Hervormingsfees

10 Nov. Bevestiging Ds. Tertius Naudé - Ballito

19 Nov. NG Gemeente Utrecht 170 jaar oud

**Gee jou gemeente se funksies blootstelling
deur dit op Kerkbode se Dagboek te laai.**

Klik op gebeurtenis vir skakel



DIE EENVOUD VAN GELOOF

MARIUS NEL



kerkbode

Die Amerikaanse Nuwe-Testamentikus, Frederick Dale Bruner (reeds goed op pad na sy 92ste verjaardag!), maak in sy Romeinekommentaar 'n insiggewende opmerking oor hoe ons as gelowiges God se geregtigheid ontvang.

Hy wys daarop dat Paulus in Romeine 1:17 verklaar dat die goeie nuus oor die herstel van ons verhouding met God eenvoudig deur geloof ontvang kan word.

Bruner gebruik doelbewus die woord “eenvoudig” om die verbasende wyse waarop verlossing na ons kom te belig. Paulus skryf dat hy hom nie skaam oor die evangelie nie want “die geregtigheid van God word daarin geopenbaar uit geloof tot geloof” (OAV) of soos die 2020-vertaling dit stel omdat “die geregtigheid van God geheel en al op geloof berus.” Dit is die goeie nuus, of te wel die evangelie. Ons word enkel deur geloof gered omdat ons God se geregtigheid daardeur ontvang. Ons word nie gered deurdat ons alles van God verstaan nie, of 'n reeks onmoontlike take verrig nie. Ons word regverdig deur ons geloof in Jesus.



Lees verder...



NG Gemeente Port Shepstone

Uit liefde en deernis maak

Nooit sou ons kon dink dat gemiddeld 50 persone maandeliks in ons omgewing slagoffers van seksuele geweld is nie. Die ergste van alles is dat dit slegs een staatsinstelling, Thuthuzela Care Center te Port Shepstone se syfers is. Daarom is ons as gemeente baie bevoorreg om hier 'n geringe verskil te maak.





Die omvangryke holistiese diens wat slagoffers by Thuthuzela Care Center kry, is van onskatbare waarde maar dit kan baie keer koud en klinies wees.

Dit is juis hier waar ons gemeente vir baie jare 'n verskil maak. Ons het die voorreg om by wyse van trauma poppies iets van God se sagtheid en deernis tasbaar te maak.

Dit is een van die eerste dinge wat slagoffers kry as hulle die sentrum besoek. Iets wat uit liefde gemaak is sodat 'n slagoffer 'n warm sagte voorwerp in die hand kan hê. Iets wat geneem kan word deur hulle van wie so baie gevat is. Iets wat sopnat gehuil kan word, want die maker van die poppie weet dat daar net Een is wat waarlik tranes wil opdroog.

As gemeente sou ons so graag meer wou doen, maar ons dank die Here dat dit wat ons kan doen, hoop en troos op 'n baie spesiale manier gee aan mense wat so wreed deur ander misbruik is.

S.A.R.K.

Nasionale Konferensie



Die NG Kerk se afvaardiging na die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke se driejarige nasionale konferensie.

Op die foto v.l.n.r. staan: Jaques Heymans - finale jaar student by Tuks, Barry Tolmay - Moderator KZN, Lerisa Meyer - Assessor KZN, Jan Lubbe - Moderator Algemene Sinode, Margie van der Westhuizen - Assessor Algemene Sinode, Henko van der Westhuizen - Sistematiese Teoloog, Universiteit van die Vrystaat, Nioma Venter - Sekretaris, Algemene Sinode.



Jeugrubriek



Familie Tuisblad



20 Oktober 2024

1

Begin hier

START

Het julle gesin of jou klas by die skool al in die berg gaan stap of in julle buurt?

Lisa se gesin het altyd op Sondag middag met hul honde van hul huis af op 'n plaaspad buite die dorp gaan stap. Dan het Lisa en haar boetie altyd die laaste stukkie van die plaaspad tot terug by die huis teen mekaar gehardloop om te kyk wie kom eerste by die huis aan. Dit was vir Lisa nooit lekker nie, want haar boetie en die twee honde het haar altyd gewen! En dit was nog erger as haar ma en pa besluit het om saam teen hulle te hardloop. Omdat Lisa die jongste een in die gesin was, was sy altyd stadiger as die res!

Dit is nooit lekker om heel laaste te kom nie, maar in die Bybel lees ons ook 'n verhaal van twee broers wat eerste wou wees bo hulle vriende. Hulle vriende was toe kwaad, omdat hulle twee gedink het hulle is die beste. Dan hoor ons hoe Jesus geskok was, omdat die twee broers, soos wat die wêreld ons leer, eerste en beste wou wees.

2

Lees Markus 10:35-41



3

Gesels



- Hoe het Jesus gevoel oor die twee broers se vraag aan Hom?
- Voel jy meer soos Johannes en Jakobus wat gedink het hulle verdien die eerste plek of soos die vriende wat gevoel het Johannes en Jakobus was onregverdig?
- Waarmee dink jy is jy die beste in die huis?
- Waarmee dink jy is jou boetie, sussie, ma of pa die beste in die huis?

4

Bid



Jesus, dankie dat U vir ons die voorbeeld kom stel het oor hoe ons moet leef en dankie dat U vir ons elkeen talente gegee het wat ons tot u eer kan gebruik. Amen

5

Doen



Hou 'n kompetisie in julle gesin - gooi al julle Lego blokkies op die grond uit, sit 'n houer vir elkeen by die hoop Lego en kyk dan wie kan die meeste Lego in die kortste tyd optel. Hierdie kompetisie kan met enige blokkies gedoen word en die kinders of die hele gesin kan deelneem.

Hier is ook 'n uitdeelstuk oor Biddag vir Gesondheidsdienste:
<https://dinkjeug.co.za/wp-content/uploads/2021/10/Biddag-vir-Gesondheidsdienste-1.pdf>



Aansoek vir 'n Studiebeurs



Goeie nuus vir voornemende studente:

Enige persoon wat in die NG Kerk is, mag aansoek doen vir 'n studiebeurs van die KZN Sinode.

Die aansoekvorm word ingevul en deur die betrokke Predikant geteken. Daarna word daar na punte, inkomstes, hoeveelste studiejaar ens. gekyk. Dit word dan voorgelê aan die SOS wat die finale besluite neem.

Let wel: hierdie is 'n beurs, nie 'n lening nie, so dit word nie terugbetaal nie.

Laai asseblief die aansoekvorm af by die skakel hier onder.

Aansoekvorm vir Studiebeurs



Jaco Strydom gesels met Ben en Elise Klut, op berge en in stede ...

Hulle het mekaar in die hart van Hillbrow ontmoet.
Vandag kerk die twee tussen die berge.

Die gemeente waarvan hulle deel is, is in Winterton in
mooie Noord-Natal, aan die voet van die
Drakensberg.

“Ons het begin dink dis dalk tyd vir ’n skuif. Toe op ’n
dag besluit ons, ons gaan net een CV opstel en sê:
Ons is ’n package deal, so of julle vat ons altwee of
nie een van ons nie! So, toe het hierdie gemeente
een dominee-pos in twee gedeel sodat ons elkeen
nou ’n halwe pos het.”

Teoreties,” lag Ben.



Lees verder...



KONFERENSIE

Kerkwees 200:

Verlede, hede en toekoms

Die Departement Sistematiese en Historiese Teologie van die Universiteit van Pretoria nooi u uit om die konferensie by te woon.

Sprekers sluit in proff Leo Koffeman, Danie Veldsman, Helena van Coller, Wim Dreyer, Johan van der Merwe, dr. Dawid Kuyler, Gustav Claassen, Pieter Kruger, Gert Duursema, Nioma Venter, Wouter van Wyk, Dieter De Bruin, Christo Pretorius, Antionette Janse van Rensburg, di PC Pretorius en Jan Lubbe.

DINSDAG

5 NOVEMBER

WOENSDAG

6 NOVEMBER

RSVP met betaling

28 OKTOBER

ENKELSESSIES

GRATIS (ete uitgesluit)

R600 met

VERVERSINGS EN ONTHAAL



Navrae:

Prof J van der Merwe (voorsitter)
johan.vdmerwe@up.ac.za

Dr A Janse van Rensburg (ondervoorsitter)
antoejvr@gmail.com

Mnr J Heymans (sekretaris)
kerkwees200@gmail.com

Klik hier vir
volledige uitnodiging

KERKWEES 200: VERLEDE, HEDE EN TOEKOMS

Die Departement Sistematiese en Historiese Teologie van die Universiteit van Pretoria nooi u uit om die bogenoemde konferensie by te woon op 5 & 6 November 2024. Die konferensie is deel van die landswye en ekumeniese herdenking van die eerste Algemene Kerkvergadering wat 200 jaar gelede, vanaf 2 November 1824, in Kaapstad sitting geneem het.

AGTERGROND VAN DIE KONFERENSIE TEMA

Die NG Kerk en die Ned. Hervormde Kerk herdenk vanjaar gesamentlik 200 jaar van kerkwees in Suid-Afrika. Die AKV wat in 1824 in Kaapstad sitting geneem het, was die eerste sinodale vergadering in die geskiedenis van Suid-Afrika. Tydens die AKV van 1824 is 'n kerklike reglement opgestel, met die titel Algemeen Reglement voor het bestuur der Nederduitsche Hervormde Kerk, in Zuid-Afrika, ontworpen in de Algemene Kerkvergadering, gehouden binnen de Kaapstad, op den 2 November, en volgende dagen van het jaar 1824.



Meer Besonderhede



Só word 200 jaar van kerkwees herdenk: Feesdienste, boeke en konferensies

Op Hervormingsondag 27 Oktober gaan verskeie NG, Hervormde en ander gemeentes uit die gereformeerde familie saam feeseredienste hou. Dit vorm die eerste van 'n reeks feesgebeure wat in die noorde sowel as die suide beplan word rondom 'n betekenisvolle jaar vir gereformeerde kerke in Suider-Afrika.

Dit is vanjaar 200 jaar sedert 2 November 1824 – die datum van die eerste “Algemene Kerkvergadering” in Suid-Afrika. Hierdeur het 14 gemeentes op tuisbodem, die eerste treë begin gee na onafhanklikheid van die moederkerk in Nederland.



Meer Besonderhede



Die Hart van Evangelisasie



Seth se Sending na die Tsonga-mense

Vir Seth Meyers was dit nie net 'n sending om die Evangelie met die Tsonga-mense van die landelike Limpopo, Suid-Afrika, te deel nie, maar 'n roeping wat gewortel is in 'n diep liefde vir Jesus en 'n vurige begeerte om lewens deur die Woord van God getransformeer te sien.

Sy reis as evangelis het begin as 'n jong seun in 'n klein dorpie in Pennsylvania, VSA. Grootgemaak in 'n



Lees die Nuusbriëf



Dis tyd vir beplanning vir 2025!

1. **Dirkie van der Spuy** het pas 'n boek geskryf oor **Omgeegroepes**. Dit is 'n samevatting van sy Bybelstudies wat hy gebruik het om 'n gewone gemeente te transformeer na 'n dinamiese gemeente van kleingroepes wat die groei in Moreleta bewerkstellig het.

Inhoud:

- ❖ Die boek **BYBELSTUDIE vir OMGEEGROEPE** het 11 kwartale se Bybelstudies wat oor 3 jaar 'n wesenlike verdieping in elke gemeente sal bring
 - Dit handel oor Visie vir groei
 - Wanneer die Heilige Gees werk
 - God se Karaktereienskappe
 - Gebed
 - Die Huwelik en Gesin
 - Omgeegroepes
 - Die Opdrag om te Getuig ens. ens...
- ❖ **Agter in die boek is heelwat TOERUSTING vir LERAARS** oor: Hoe om 'n veldtog in 'n gemeente te begin, hoe'n kleingroep behoort te werk, Hoe om die Leiers toe te rus ens ens...?

❖ **Video van Dirkie van der Spuy** wat vertel:

<https://youtu.be/fUuWkcMbhl?si=h9pr7LeQrnXWLMOI>

- ❖ **Bestel die boek by** <https://prokurio.co.za/product/bybelstudie-vir-omgeegroepes/>

2. **Kyk ook na vele ander Bybelstudies op die PoKurio se webwerf**
<https://prokurio.co.za/product-category/bybelstudies/?lang=af>

3. **Katalogus van ander ProKurio Gemeentebou materiaal**
<https://prokurio.co.za/wp-content/uploads/2024/10/Prokurio-Catalogue-Okt-2024.pdf>



Meer Besonderhede

Kyk weer-reeks (Deel 1): Kleure van die paradys



“Die mens kyk na mekaar, toe na die son en toe weer na die blom aan die dun groen steel voor hul kaal voete. ‘Geel,’ sê die mens. ‘Vandag se kleur is geel’.”

So skryf Dolf du Plooy oor ‘n oomblik tussen God en die mens “op die negende dag”. Dolf se aangrypende skrywe is die gevolg van ‘n paar foto’s wat hy geneem het, wat hom op ‘n dieper manier laat kyk het. Dit is, reken DJ Muller, die waarde van fotografie vir gelowiges.

DJ skryf: “Keer op keer het ek al hieroor probeer skryf of praat. Hoe verwoord ek dit wat fotografie in my binneste doen? Is dit moontlik om fotografie as deel van my godsdiens te beskou? Ek vee toe maar uit wat ek reeds geskryf het. Tot op die dag wat ek dié foto’s en skrywe van Dolf du Plooy op Facebook raaksien...”

Met dank aan VrydagNuus



Lees Verder...

"Jy het 'n 'dog tag' gehad om jou nek: Nommer, rang, naam, bloedgroep. En kerkverband."
- Bun Booyens oor nuwe boek Troep. Bl 6 Podsendings op kerkbode.co.za.

27 September 2024 www.kerkbode.co.za • facebook.com/kerkbode Deel 237 - Nummer 140

KERKBODE



Kerkbode het met sy jongste storietera gemeentes in plekke soos Stutterheim, Tarkastad en Gqeberha besoek om te kan berig oor 'n omvangryke inisiatief om redienste meer kindervriendelik te maak, samewerkingsreëls tussen gemeentes en denominasies soek die inslag van nuwe bene in teologiese opleiding. Hi konsertefening word klein Gabriella Nyburgh (hierbo) deur haar oupa, ds Deon Strydom, gegroot. Strydom is leraar van die Stutterheim Verenigde Gemeente en hou ook sy lyf koster by dié Oos-Kaapse gemeente, wat saamgevoeg is uit 'n Afrikaanse NG gemeente en 'n Engelse Presbiteriaanse een. Foto: Hélène Meissenheimer

Krimpende kinderbedienings

Gemeentes soek saam na oplossings

HELENE MEISSENHEIMER

For Oos-Kaapse stads-gemeente het deesdae 'n goeie probleem ...

... te drie ringkribas wat Kerkbode van Desember 2023 af besoek het. Ons doel is om meer uit te vind oor 'n omvangryke inisiatief in daardie deel van die

Mouton benadruk die hoe bywoning en gemeentelike inkoop by hierdie ingryping as bewys dat krimpende kinderbedienings en min

diens blyk 'n fout te wees. Mouton verduidelik dat jongmense gevolglik dikwels nie deel gevoel het van eredienste nie. En ná hulle beydens van

Kerkbode nooi jou en jou gemeente uit om in te teken op die gedrukte uitgawe van Kerkbode wat maandeliks in papierformaat as komplement tot al ons gratis aanlynbedrywighede by www.kerkbode.co.za verskyn.

Dié lekkerlees-formaat is 'n samevatting van al die mees geleeste stories van mense en gemeentes, jongste kerknuus, nuwe vakatures, amptelike skuiwe, rubrieke, boekresensies en dinkstof.



Klik hier vir pryse en bestellings





My kind en taal: Hoe kan ek help?

Deur Jackie van Wyk

Ouers hoef nooit vir hul kinders taal te leer nie. Baba's word gebore met die vermoë om enige menslike taal waaraan hulle blootgestel word, aan te leer en te gebruik. Daar is wel maklike maniere waarop jy kan help om jou kind se taalvermoë optimaal te ontwikkel.

Het jy al ooit gewonder hoe gebeur dit dat 'n kind 'n sin kan sê wat sy of hy nog nooit voorheen gehoor het nie? Boonop is gesproke taal eintlik bloot 'n aaneenlopende string klanke; hoe weet kinders dan waar een woord eindig en die volgende begin?

Tog gebeur dit. En wanneer hulle drie of vier jaar oud is, beskik kinders reeds oor 'n merkwaardige taalvermoë. Dis inderdaad 'n wonderwerk dat die mens iets so kompleks soos taal so vinnig kan aanleer.





CHRISTIAN LITERATURE FUND
CHRISTELIKE LEKTUURFONDS

Die Here is my Herder

Geskryf deur Susan Goosen

Hierdie vyf woorde is die inleiding tot seker die bekendste Psalm in die Bybel: Psalm 23. 'n Teks waarna oud en jonk gryp wanneer die lewe te veel raak. Wanneer ons gekonfronteer word met oorlog, siektes, die dood of ander dinge wat bokant ons begrip en verstand is, wil ons immers graag 'n Herder hê. Iemand wat beheer kan neem en ons deur die dal van doodskaduwee na groen weivelde en waters van rus kan lei. 'n Vertroude stok en staf wat ons veilig sal hou. En 'n feesmaal waarna ons kan uitsien.

Die Bybel het wonderlike verwysings na 'n herder-kudde verhouding. Die skape wat aan hierdie kudde behoort, ken die Herder se stem. Hulle weet wanneer dit Hy is wat roep. En Hy ken hulle – individueel. Hy ken elkeen op die naam. Wanneer een skaap weg is, weet die Herder dit en hy gaan soek hom. Hy ontsien geen moeite om sy skape te versorg, hulle te beskerm en vir hulle die beste weiding te gee nie. Meer nog: hierdie Herder is bereid om selfs sy lewe vir sy skape op te offer. So, sê die Here in Esegïël, sal sy volk besef dat Hy God, die oppermagtige Here is.



Lees verder...



Oordenking

Die Storie agter die Storie

Handelinge 9:26-31

You  Kyk Oordenking op Youtube

‘n Gerug versprei onder die Christene van Jerusalem: “Hy is terug! Die wrede vervolger wat so baie gelowiges in die tronk laat beland het, is na drie jaar wat hy net verdwyn het weer terug! Kruip weg, anders is die kerker jou voorland!”

“Maar ek het dan gehoor dat hy tot bekering gekom het, is dit nie so nie?”

“Wie, Saulus? Nog nooit! G’n toegewyde Fariseër van sý formaat kan ooit tot bekering kom nie, dis mos totaal onmoontlik! Al manier wat hy tot bekering sou kom is as Jesus Sêlf uit die hemel sou ingryp!”

Met angste in hulle harte vir verdere vervolging, kruip die gelowiges van Jerusalem weg vir die fanatiese Saulus van Tarsus wat in Jerusalem aangekom het ná sy “uitreik-aksie” na Damaskus én natuurlik die drie jaar wat hy intussen in Arabië weggekruip het. Intussen probeer die arme Saulus sy bes om maar net kontak te maak met die gelowiges want hy het só baie om met hulle te deel. Hy het só baie om vir hulle te vertel na sy asemrowende ervaring op die Damaskuspad.

Hy word egter vermy soos die pes want niemand waag dit om hom te vertrou nie!

Uiteindelik ontferm 'n man met die naam Barnabas hom oor Saulus. Hy het die gerugte gehoor van die kêrel se kragdadige bekering en dalk moet 'n mens hom maar vertrou. "Saulus my broer, kom ek vat jou na die sogenaamde 'aanhangers van die pad.'" Hierdie is, terloops die naam wat die eerste Christene hulleself toegeëien het omdat hulle die "pad van geregtigheid" aangehang het.

Saulus hou sommer dadelik van Barnabas. Met hierdie man kan hy nog 'n baie lang pad saamloop! Inderdaad sou hierdie twee manne 'n paar jaar later baie ver paaie saamstap op hulle sendingreise. Maar hierdie is 'n storie vir anderdag!

Ek kan my voorstel, die skok wat 'n paar van die gelowiges gekry het toe Barnabas die dag met Saulus by een van hulle byeenkomste opdaag! "Wat sou die man besiel om hierdie wrede vervolger hierheen te bring? Nou is ons doppie beslis geklink!"

Baie gou kom hulle egter agter dat Saulus opreg is en dat sy bekering nie maar net 'n storie is nie. "En kan hierdie man vir jou preek!" fluister hulle vir mekaar. "Waar sou hy so vinnig geleer het om so mooi te preek?" Wat hulle dalk nie geweet het nie was dat Saulus 'n uitgebreide kennis van die Skrifte gehad het wat skrik vir niks. Vir jare lank het hy by die voete van die beroemde leermeester, Gamaliël gesit as deel van sy opleiding. Daar was nie 'n wet of voorskrif waarvan hy nie geweet het nie.

Die profete het hy almal uit sy kop geken - Jesaja, Daniël, Esegïël, die hele lot! Nou kon hy hierdie asemrowende kennis van hom toepas want hy het die lig gesien, letterlik en figuurlik! En skielik het Saulus besef hoe alles inmekaar pas.

“Ek gaan in die Sinagoge preek,” deel Saulus die gemeente na ‘n rukkie mee.

“Jy kan nie,” probeer hulle hom keer. “Die Jode gaan jou doodmaak as jy in die openbaar gaan preek!” Maar daar het steeds ietsie van die onstuitbare Saulus in hom agtergebly en niemand kon hom oortuig om van sy voorneme afstand te doen nie. Later in Lukas se verhaal sal ons sien dat Saulus net meër hardkoppig geraak het! As hy dit eers in sy kop gekry het dat hy wou preek, dan het niks en niemand hom gestuit nie! Nie eers 'n pak slae, die dood of selfs steniging nie!

En so kry Saulus sy eerste vuurdoop. Hy lewer die een vurige preek na die ander in al die sinagoges van Jerusalem. As ‘n boorling van Tarsus, praat hy natuurlik ook vlot Grieks en een van sy grootste vreugdes was om lang redenasies met die Griekssprekende Jode aan te knoop. Hy was immers ‘n redenaar van formaat! Maar toe begin dinge skeefloop. Eers was dit net dreigemente dat hy moes ophou om hierdie “snert” van Jesus te verkondig. Later word dit ernstige doodsdreigemente en die uiteinde van die saak was dat Saulus moes vlug vir sy lewe! Al wat ‘n Griekssprekende Jood was, wou hom doodmaak.

Vir die tweede keer sedert sy bekering moes sy mede-gelowiges hom help om van 'n bloeddorstige skare te ontsnap. Eers pas na sy bekering in Damaskus toe sy vriende hom met 'n mandjie deur 'n opening in die stadsmuur moes laat afsak, anders was dit dáár al klaarpraat met hom! Saulus vlug na die hawestad Sesarea en vertrek per skip na sy geboortestad, Tarsus. Hy laat die Jerusalem gemeente agter met 'n swaar hart en mooi herinneringe!

Dit was egter nie alles verlore nie en Lukas vertel vir ons dat die kerk regdeur Judea, Galilea en Samaria 'n tyd van rus en vrede beleef het. Die Here het dit só beskik dat hulle 'n blaaskans kon kry om geestelik te groei en gevestig te raak. Verder moes hulle ook die kans kry om die kragtige werking van die Heilige Gees in hulle lewens te kon beleef. O en natúúrlik het die kerk 'n bloeitydperk beleef en sterk gegroei!

'n Wonderlike verhaal, is dit nie? Wonderlik hoedat die Here voorsien. Dieselfde Here voorsien vandag steeds en al lyk dinge soms bitter donker, kan ons steeds weet dat Hy in beheer is en dat daar 'n wonderlike doel agter alles is!

Gebed:

Here, soms lyk dit vir my ook asof alles verlore is, maar dan kan ek my oog slegs op U hou. Dankie, Here! Help my om ook soos Saulus van ouds die Woord onverskrokke uit te dra!

Laaste Woord

Josef se broers het vir hom gesê:
"Vergeef ons tog nou die misdad. Ons
dien ook die God van u vader."

GEN 50:17

*Laat ons ons skuldenaars vergewe,
soos U ons ook vergewe, Here.*

Amen



Vrydag 18 Oktober 2024

Prof. Barry Tolmay

@Krantzkloof Gemeente